


# Pinkster 2019



# BYBELS VIR GEVANGENES

PROJEKKODE 1504

## Hoe kan jy help?

- Vir 2019 word **R700 000** vir die beskikbaarstelling van Bybels aan gevangenes benodig.


Gratis Bybels aan gevangenes word gedoen deur die Departement Korrektiewe Dienste se Direktoraat Geestelike Sorg en ander goedgekeurde organisasies wat toegang tot die gevangenes het.

Daar is ongeveer 236 gevangenisse in Suid-Afrika waar ongeveer 161 000 gevangenes gehuisves word.

Die Bybel bring hoop en daarom bewillig die Bybelgenootskap jaarliks 'n bedrag vir gratis Bybels vir gevangenes. Die Direktoraat Geestelike Sorg van die Departement Korrektiewe Dienste beheer die verspreiding van hierdie Bybels wat die eiendom van die gevangene word.

'n Deel van die Bybelgenootskap se skenking (R200 000) sal van vanjaar aan organisasies soos Kairos Prison Ministries, Alpha South Africa and World Hope Ministries, beskikbaar gestel word om Bybels aan gevangenes te oorhandig by die voltooiing van kursusse wat deur hierdie organisasies aangebied word.

In 2018 het 18 748 gevangenes danksy hierdie projek 'n eie Bybel ontvang. Die Bybel kan 'n bydrae lewer in die rehabilitasieproses en gevangenes aanmoedig om na die uitdien van hulle vonnisse, 'n misdaadvrye bestaan te voer.






# BYBELS VIR DIE ARMES

PROJEKKODE 1505

## Hoe kan jy help?

- **R500 000** word in 2019 spesifiek vir hierdie projek benodig.

- Die Bybel bring hoop maar baie mense kan nie 'n eie Bybel bekostig nie. Versoeke stroom daagliks by ons Bybelhuise in van mense wat graag 'n eie Bybel wil ontvang of van kerke wat armes daarmee wil help.
- Daar is 'n strategie in plek om te verseker dat die Bybels die regte mense bereik.
- In 2018 het 15 333 mense wat nie 'n eie Bybel kon bekostig nie, danksy hierdie projek, een ontvang.
- Die Bybel word in die hande geplaas van mense wat dit broodnodig het, maar wat dit nie kan bekostig nie.
- Die krag van die Lewende Woord sal troos en hoop bring aan mense wat soms voel dat hulle deur die samelewing verstoot en vergeet word.






# BYBELGEBASEERDE GELETTERDHEIDSPROJEK

PROJEKKODE 1533

## Hoe kan jy help?

- **R1 000 000** word in 2019 benodig om te verseker dat genoeg eksemplare van dié geletterdheids-materiaal gratis beskikbaar gestel kan word.




- Die Bybelgenootskap het na deeglike navorsing Bybelgebaseerde geletterdheidsmateriaal ontwikkel om basiese lees- en skryfvaardighede te ontwikkel. Die twee boekies **My eerste Bybel Doen en Leer Boek** en **My 2de Bybel Doen en Leer Boek** is nou in al 11 die amptelike tale beskikbaar. Daar word tans aan die ontwikkeling en toetsing van 'n derde boekie gewerk.
- Verskeie skole maak van die materiaal gebruik met die goedkeuring van grondslagfase afdelings van onderwys-departemente. Dit word ook in pre-primêre skole en selfs Sondagskole gebruik.
- Enige persoon wat kan lees, sal met die hulp van 'n handleiding en flitskaarte wat saam met die boekie voorsien word, ander kan help om dié vaardighede te bemeester.
- Geskikte vennote (kerke, organisasies en individue) help met die implementering van die projek.
- Die boekies word gratis beskikbaar gestel aan skole en groepe wat dit nie kan bekostig nie. In 2018 het sowat 52 549 kinders van dié Bybelgebaseerde boekies ontvang.
- Baie kinders wat die boekies ontvang, kom uit gesinne waar die ouers ook nie kan lees nie. Die kinders sal die boekies huis toe neem en moontlik die ouers leer lees.

# BYBELS VIR GRAAD 7-LEERDERS




PROJEKKODE 1535

## Hoe kan jy help?

- **R1 000 000** word benodig om in 2019 'n Bybel en die boekie, **Help! Hoe moet ek my Bybel lees?** aan graad 7-leerders te oorhandig wat nie 'n eie Bybel kan bekostig nie.

- Volgens die jongste beskikbare statistiek is daar byna 900 000 graad 7-leerders in skole in Suid-Afrika, waarvan die oorgrote meerderheid in staatskole is.
- Graad 7-leerders is die teikengroep vir hierdie projek omdat hulle reeds met begrip kan lees. Hulle is aan die begin van hulle tienerjare en dikwels maklik beïnvloedbaar. Die bybelse boodskap kan help met die vorming van 'n waardestelsel wat hulle kan help om die regte keuses te maak.
- Die projek word op 'n verantwoordelike manier bestuur. Kerke en Christenorganisasies word veral gebruik om die skole wat Bybels moet ontvang, te identifiseer. Elke kind ontvang ook 'n boekie, **Help! Hoe moet ek my Bybel lees?**.
- In 2018 het 26 270 graad 7-leerders, hoofsaaklik in skole in arm dele van ons land, 'n eie Bybel ontvang.
- Die lewegewende boodskap van die Woord kan help om hierdie kinders in hulle geloof te anker.
- Dit sal kerke en Christenorganisasies wat met hierdie kinders werk, help as meer kinders 'n Bybel het.
- Vir sommige van hierdie kinders is die Bybel wat hulle ontvang, die enigste Bybel in die huis.





ISIZULU
# BYBELVERTALING

PROJEKKODE
1016

## Hoe kan jy help?

- **R874 224** word in 2019 benodig om te verseker dat hierdie vertaling afgehandel kan word.




- Die vertaling van die isiZulu Bybel wat tans deur die meeste Zulu's gebruik word, is ouer as 50 jaar. Die taal ontwikkel voortdurend en dit, tesame met die ontwikkeling van onder andere Bybelvertaling, genoodsaak 'n nuwe vertaling.
- Die vertaling wat vanuit die Hebreeuse, Griekse en Aramese bronteks gedoen is, is feitlik voltooi en daar word tans aan sekere brugmateriaal gewerk. Die werk van die hersieningskomitee is afgehandel. Die finale manuskrip sal in 2019 aan die Bybelgenootskap oorhandig word met die oog op die publikasie van die Bybel teen middel 2020.
- Die projek beskik oor 'n webwerf **www.isizulubible.co.za** waar proef-vertalings vir kommentaar geplaas word.
- Aangesien die vertaling in die taal van vandag vertaal word, sal veral die jeug die bybelse boodskap beter kan verstaan.

www.bybelgenootskap.co.za
bybelgenootskap van suid-afrika

# DIE BYBEL VIR DOWES




PROJEKKODE 1400

## Hoe kan jy help?

- **R201 000** word benodig om die vertaling van die Engelse Bybel vir Dowes te finaliseer.
- **R500 000** word benodig om die Bybelvertalingsprojek in Suid-Afrikaanse Gebaretaal te ondersteun.

- Die Bybel is vir die meeste Dowes 'n geslote boek wat hulle nie kan verstaan nie.
- Baie skole vir Dowes in Suid-Afrika en in die res van Afrika, gebruik Engels as onderrigmedium. Aangesien mense gesproke taal deur veral nabootsing en verbale kommunikasie leer, ondervind doofgeborenes spesifieke taal- en leesbehoeftes.
- Die Engelse Bybel vir Dowes word so vertaal dat die meeste Dowes wat hulle onderrig in Engels ontvang, dit sal verstaan.
    - 'n beperkte woordeskat
    - baie voetnote en illustrasies
- Gebaretaal is vir die meeste Dowes hulle moedertaal en hulle sal eerder 'n visuele Bybel met die gebaretaal wat hulle verstaan, verkies.
- Die organisasie, **Hands with Words** is besig met 'n Bybelvertaling in Suid-Afrikaanse Gebaretaal. Daar is ongeveer 600 000 Dowes in Suid-Afrika wat van hierdie taal gebruik maak. Die Bybelgenootskap ondersteun tans hierdie projek finansieel en verdere samewerking met **Hands with Words** word bespreek.
- Die Engelse Bybel vir Dowes en die visuele Bybelvertaling in Suid-Afrikaanse Gebaretaal, sal die Woord van God vir Dowes in ons land baie meer toeganklik maak.







## Hoe kan jy help?

- **R712 133** word vanjaar benodig om te verseker dat daar met die vertaling van die Bybel in !Xun voortgegaan kan word.

- Ongeveer 4 000 San wat !Xun praat woon in Platfontein, naby Kimberley in die Noord-Kaap. Hierdie groep is hoofsaaklik uit Angola afkomstig en woon reeds langer as 20 jaar in Suid-Afrika.
- 'n Verdere sowat 10 000 tot 15 000 sprekers van hierdie taal is steeds in Angola en in Namibië woonagtig.
- Die groep in Platfontein beskik oor 'n skool, 'n kerk en 'n radiostasie, maar oor geen Bybel nie. Skriflesing word uit die Luchazi Bybel ('n taal van Angola) en Afrikaans gedoen. Die kinders verstaan egter nie meer Luchazi nie.
- Na deeglike navorsing, in samewerking met die Bybelgenootskappe in Namibië en Botswana, asook ander Bybelvertalingagentskappe wat werksaam is in die dele waar die San woonagtig is, is daar besluit dat die Bybelgenootskap van Suid-Afrika die vertaling van die Bybel in !Xun sal onderneem.
- 'n Vertaalspan bestaande uit drie lede en 'n hersieningskomitee van sowat 20 lede het in 2018 met die werk begin. Die hersienings-komitee sluit moedertaalsprekers asook lede van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad in.






**Hoe kan jy help?**

- **R250 000** word in 2019 vir die Bybelluisterprogram benodig.

- Miljoene Suid-Afrikaners is funksioneel ongeletterd en kan nie goed lees nie.
- Miljoene ander leef in 'n samelewing waar daar net nie meer gelees word nie.
- Bybels is beskikbaar op die **Audibible** – 'n klein, herlaaibare toestel wat ontwerp is om op enige plek gebruik te kan word.
- Die Bybelluisterprogram moedig groepe aan om saam na die Bybel te luister en dit wat hulle hoor te bespreek.
- Enkelstemopnames word gebruik en tans is die volledige Bybel in Afrikaans (1933/1953 en 1983), Engels, isiZulu, Sepedi, Setswana, Sesotho, isiXhosa, Siswati, Tshivenda en Xitsonga beskikbaar.
- Die opname van die isiNdebele Bybel sal hopelik vanjaar voltooi word.
- As deel van 'n luistergroep sal mense die geleentheid hê om deur die Bybel te werk en dit kan tot geestelike groei lei.
- Ongeletterde mense kan in 'n veilige omgewing na die Bybel luister en terselfdertyd hul geletterdheidsvaardighede verbeter.

